

HORTGRONEWS

VOLUME 21 | ISSUE 86 | SEPTEMBER 2023

CONTENTS

- Vroue van Achtervlei trap diep landbouspore
 - Jong bedryfsleier – Gerrit van der Merwe
 - Geleenthede, maar ook groot uitdagings vir droëvrugtebedryf
 - Logistics and the coming season
 - Hortgro Key Deciduous Fruit Statistics
 - Hortgro Cherry ZA phenomenal growth potential
 - Transformation: New Roots Volume III
 - The Polyphagous Shothole Borer's effect on South Africa's trees
 - From the Executive Director's desk
 - Events, publications, video library
-



Vroue van Achtervlei trap diep landbouspore

Drie uiteenlopende vroue van Achtervlei, Piket-Bo-Berg, trap diep landbouspore. **Elouise Josephs, Liebre Jacobs en Deidre Eigelaar (foto)** glo in gemeenskap, volhoubare werksgeleentheid en die krag van konfytt. Lees meer oor hierdie drie fenomenale sakevroue, [hier](#).



Jong bedryfsleier — Gerrit van der Merwe

Gerrit van der Merwe is die derde generasie vrugteprodusent op die plaas Fonteintjie in die Koue Bokkeveld. Vanaf 2014 boer Gerrit saam met sy pa, hulle het twee produksie-eenhede in die Koue Bokkeveld met ongeveer 170 hektaar sagtevrugte. Daarby het Ceres Fonteintjie Boerdery aandeelhouing in 'n kwekery en 'n pakhuis. Leer meer [hier](#).



Geleenthede, maar ook groot uitdagings vir droëvrugtebedryf

Die volhoubaarheid van die Suid-Afrikaanse droëvrugtebedryf word geteister deur talle uitdagings, maar elke probleem is oorkombaar deur noukeurig huiswerk te doen en besigheidsrats te bly. Leer meer [hier](#).

Logistics and the coming season

As an industry body, Hortgro has limited operational control over logistics at the port of Cape Town. However, logistics is the single biggest threat to the industry's sustainability and over the past years, Hortgro has engaged relentlessly with Transnet regarding operations at the Cape Port. A planning/pre-season meeting was recently held with Transnet and various matters were discussed and commitments were made relating to more equipment, on-site maintenance capacity and spares, and productivity matters to improve throughput in the port. Hortgro will continue to push, motivate, lobby, and monitor as hard as we can for the promised interventions to come to fruition. Read more [here](#).



Hortgro Key Deciduous Fruit Statistics

The latest deciduous fruit statistics for 2022 is available now on the Hortgro website, under [publications](#).



Hortgro Cherry ZA phenomenal growth potential

Despite being a small player in the local and overseas markets, the South African cherry industry has phenomenal growth potential. From September onwards, this high-value fruit will be decorating our supermarket shelves in the run-up to Christmas. [Hortgro Cherry ZA](#) recently held their annual general meeting. Find all the presentations and relevant industry information [here](#).



Agri's Got Talent Roadshow

To celebrate ten years of Agri's Got Talent, AGT will celebrate a decade of music with a Reunion Show and Roadshow in 2023. During October, the AGT team is headed to the Langkloof, Eastern Cape, Mpumalanga, and Limpopo with AGT stars performing at packhouses, farms, cellars and more. If you would like AGT to sing at your farming entity, email info@agrisgottalent.com and we will try our best to stop by.

The big AGT show will take place in Paarl at the Afrikaanse Taal Monument's amphitheatre, on 18 November 2023. Tickets available now on [Computicket](#).



Transformation: New Roots Volume III

Hortgro's New Roots Volume III is available now and is your one-stop shop for good news industry stories.

Read the latest volume [here](#).

The Polyphagous Shothole Borer's effect on South Africa's trees

This informative video regarding PSHB's effect on South Africa's trees was developed by the University of Pretoria. For more information regarding PSHB, visit our [PSHB website](#).



How can we help?



FROM THE EXECUTIVE DIRECTOR'S DESK

Nuwe seisoen, Nuwe uitdagings, Nuwe geleenthede

Na 'n uitstekende winter met goeie koue-eenhede en vol damme, is ons almal optimisties oor die 2023/24-seisoen en word goeie oeste verwag. Dié vooruitsigte lyk steeds goed ten spyte van ryp, ysreën en haelskade in beperkte gebiede twee tot drie weke gelede, en pas weer die vloede wat die meeste van ons produksiegebiede die afgelope langnaweek geteister het.

Ons is reeds besig met 'n opname en sal spoedig 'n aankondiging maak oor die skade aan boorde en ander infrastruktuur. Ons innige meegevoel en simpatie intussen aan almal wat skade gelei het en selfs geliefdes aan die dood afgestaan het.

Dit ook na verlede week se geweldige hoë deinings en golwe wat veral groot skade en ook lewensverlies aan die ooskus veroorsaak het. Met die jongste vloede moet dit vir almal duidelik wees dat die klimaat beslis

verander het. Ek dink ons moet ons regmaak vir nog 'n paar klimatologiese *curve balls* voor die vrugte gepluk, gestoor, gepak en bemark is.

Soos ek onlangs oor die radio gehoor het, word daar nou nie net meer van *climate change* gepraat nie, maar wel van *climate chaos*. Inderdaad so as mens ook die onlangse superstorms in die VSA en Asië, die hittegolwe in Europe, en die onlangse vloede in Hong-Kong en Libië (van alle plekke), aanskou. Ook die tragiese (en blykbaar doelbewus aangesteekte) wegholbrande in ons noordelike provinsies wat erger en groter as ooit is.

Hierdie was—is eintlik steeds—sekerlik een van die natste winters wat ek kan onthou, maar dit, en die storms wat beleef word, het al voorheen gebeur. Die Laingsburg-vloed is nog vars in baie van ons se geheue. In dié konteks word van 50, 100 en selfs 200 jaar vloede en droogtes gepraat – én dit gaan weer en weer gebeur. Met groter frekwensie en groter uiterstes.

Hieraan kan ons nie veel doen nie behalwe om te fokus op dit wat binne ons beheer is. Handhaaf omgewings- en volhoubaarheidsvereistes, maak seker mense bou of plant nie onder/naby vloed- en/of hoogwaterlyne nie of teen steil hellings nie, maak seker brandpaaie, -planne, -spanne, en -toerusting is gereed (onthou die Kaap se brandseisoen kom!). Hou rivierlope en kanale skoon. Onderhou brûe en paaie. Sien toe dat basiese self-beveiliging toegepas word.

Te midde hiervan, is daar die voortgesette uitdagings van beurtkrag, hoë insetkoste en rentekoerse, openbare dienste wat sigbaar en teen 'n skokkende tempo rondom ons inplof terwyl die staatskas geplunder en oplaas leeg is. Sekerlik ons grootste korttermyn uitdaging is ons hawens en logistiek wat ten spyte van aktiewe insette en ondersteuning van bedrywe soos Hortgro, hortend voortploeter. Uiters kommerwekkend.

Vir my bly die glas egter halfvol, want daar IS dinge wat binne ons beheer is en waaraan ons iets kan doen. Ook logistiek—waaroor ons verlede week breedvoerig inligting uitgestuur het. Ons sal poog om deurlopend opdatings oor hierdie en verwante kwessies te kommunikeer.

Onthou ook—die glas is nie net halfvol nie. DIT KAN WEER VOLGEMAAK WORD. Veral as ons die seisoen met vol damme begin.

Tot volgende keer.

Anton

If you can't fly then run, if you can't run then walk, if you can't walk then crawl, but whatever you do you have to keep moving forward. – **Martin Luther King Jr**

When you have exhausted all possibilities, remember this: You haven't! – **Thomas A. Edison**

UPCOMING EVENTS:

NOVEMBER 2023

- **9 November – 10 November 2023** | Free State Bethlehem Apple Symposium, more information [here](#).
 - **Save the date | 22 November 2023** | Langkloof Seminar and Orchard Walk.
 - **18 November 2023** | Agri's Got Talent 10-year reunion concert. Tickets available [here](#).
-

→ INFORMATION AT YOUR FINGERTIPS

[Stone fruit postharvest app](#).

E-mail info@hortgro.co.za for more information.

→ HORTGRO PUBLICATIONS

[Key Deciduous Fruit Statistics](#)

Hortgro Stone: [October Timely Hints/ October Tydige Wenke](#)

Fresh Notes: [207 PAG Feedback August 2023](#)

Fruit South Africa [Transformation Summary](#)

New Roots: [Volume 3 | September 2023](#)

Hortgro News: [All previous issues](#)

→ HORTGRO YOUTUBE

Vind ons videobiblioteek vol bedryfsinligting [hier](#).

PLUS: 36 Boordopleiding video's nou beskikbaar in [AFRIKAANS](#), [XHOSA](#) en [ENGELS](#)



EDITORIAL TEAM

Elise-Marie Steenkamp - elise-marie@hortgro.co.za

Kyra-Kay Rensburg - kyra-kay@hortgro.co.za

CONTACT US

021 870 2900

www.hortgro.co.za

[Manage](#) your preferences | [Opt Out](#) using TrueRemove™

Got this as a forward? [Sign up](#) to receive our future emails.

View this email [online](#).

258 Main St, Buitenverwagting | Paarl, Western Cape 7646 ZA

This email was sent to .

To continue receiving our emails, add us to your address book.

[Subscribe](#) to our email list.